

## 24 Februarie - DANK

**Skrifgedeelte: Kolossense 3:12-17**

**Fokusgedeelte: Kolossense 3:17**

**G**eliefde, as jy deel is van God se uitverkore volk, as God jou hart deur sy Heilige Gees aangeraak het en jy bely dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is, dan is Paulus nou besig om met jou te praat. Hy begin deur te stel dat God jou baie liefhet. As Koning het Hy jou lief, en as onderdaan word van jou verwag om Hom lief te hê en aan Hom gehoorsaam te wees.

Paulus noem 'n aantal verpligtinge wat die volk van God moet nakom. Jy as lid van hierdie uitverkore volk moet meelewend wees; jy moet empatie met ander hê. Verder moet jy goedgesind wees, verdraagsaam, nederig en sagmoedig, maar ook geduldig met mekaar. Ongelowiges vind dit baie moeilik om hierdie sake uit te voer, want hulle eie belang is so belangrik.

Die uitverkore volk het mekaar lief, 'n samebindende band. Dit bring mee dat die volk van God in vrede met mekaar kan saamleef.

In vers 17 kom Paulus dan met 'n versoek. *Dank* God die Vader deur Jesus Christus. Die Griekse woord wat Paulus hier gebruik, dui op onvoorwaardelikheid. Dit is nie onderhandelbaar nie. Die gelowige moet God aanhoudend, sonder ophou, deur Jesus Christus dank. Die rede vir hierdie dankbaarheid is uit erkentlikheid vir wat Jesus Christus vir die mens bewerk het. Hy het deur sy versoeningswerk aan die kruis ons aan die lewende God gebind sodat ons deel van die uitverkore volk kan wees.

Bring u dankbaarheid tot God na vore deur die boodskap van Jesus Christus oral uit te dra – by die huis, werk, skool, tussen vriende. Wys u dankbaarheid voortdurend deur die sing van Godgegewe liedere.

Wat u ook al doen, doen dit dankbaar in die Naam van Jesus Christus. So word ons Koning verheerlik.

*Sing: Psalm 138:1 (1936)*

*Dr FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)*